
## 19 Elke insek

Elke insek (skoenlapper of by)
is verdeel in drie:
een kop, een borsstuk, een agterlyf.
Party het 'n brein.
Almal het 'n hart.
Insekte het nie bene nie,
geen neuse nie,
maar met twee voelers kan hulle kos
'n kilometer ver ruik.
Kan jou neus dit ook doen?
Bowendien gaan jy sukkel
om al daardie ledemate te bestuur:
ses.



**Lees die gedig en beantwoord die vrae in volsinne.**

1. Gee die name van twee insekte uit die gedig.
2. In hoeveel dele kan 'n insek se liggaam verdeel word?
3. Wat liggaamsdele het insekte nie?
4. Waarmee ruik insekte?
5. Hoe ver kan hulle ruik?
6. Hoeveel ledemate het insekte?
7. Maak 'n paar vingerafdruk-insekte soos dié in die prentjie hierbo.



## 20 Wat is vingerafdrukke?



Wanneer jy na die voorpunt van jou vingers kyk, sien jy draaie en kringe. Dit bestaan uit randjies in die vel. Hulle vorm die ontwerpe wat vingerafdrukke maak, wanneer jy ook al aan iets vat. Jou vingerafdrukke is anders as dié van al die ander mense in die wêreld. Selfs identiese tweelinge het verskillende vingerafdrukke.
Soos jy groei, word die vingerafdrukke groter. Andersins bly hulle dieselfde regdeur jou lewe. Afdrukke kan ook gemaak word van jou handpalms, jou voetsole en die onderkant van jou tone.
Die merk wat agterbly op dinge waaraan jy geraak het, is van sweet gemaak. Vingerafdrukkenners gebruik kleurstowwe, chemikalieë en lasers om hulle te sien.
Vingerafdrukke word gebruik om mense te vang wat misdade gepleeg het. Hulle word ook in plaas van 'n wagwoord gebruik by plekke soos banke.

**Lees die artikel en beantwoord die vrae in volsinne.**

1. Waaruit bestaan vingerafdrukke?
2. Het identiese tweelinge dieselfde vingerafdrukke?
3. Wat verander aan jou vingerafdrukke soos jy groter word?
4. Watter ander dele van jou liggaam maak afdrukke?
5. Waaruit bestaan die merk wat agterbly as jy aan iets geraak het?
6. Waarvoor word vingerafdrukke gebruik?